

WIETA

Nuusbrief

Spesiale
uitgawe |
Desember 2015

Foto WOSA

**WIETA wil graag ons
lede *bedank* vir hul
verbintenis tot etiese
handel in 2015**

Let asseblief dat ons kantoor gesluit sal wees vanaf 18 Desember 2015 en weer sal heropen op 6 Januarie 2015. Ons wens julle alle vreugde oor die feesseisoen toe, en 'n gelukkige nuwe jaar.



AJV
Verskuif na
26 April
2016

Weens die geprojekteerde verwagting dat parstyd vroeg in 2016 sal begin, het ons verskeie versoeke van ons produsentelede ontvang om ons AJV te skuif. Ons AJV sal nie meer op 20 Januarie plaasvind nie, maar sal nou op **26 April 2016** gehou word.

WIETA word ingesluit op die Internasionale Handelsentrum se Standaardekaart



STANDARDS MAP
YOUR ROADMAP TO SUSTAINABLE TRADE

Die Internasionale Handelsentrum (ITC) het 'n webplatform ontwikkel, naamlik die Standaardekaart, wat omfattende en vergelykbare inligting verskaf oor volhoubaarheidstandaarde en ouditprotokols deur meer as 1 000 kriteria wat geanaliseer word vir elke inisiatief. Die hoofdoelwit van hierdie werktuig is om die kapasiteit van produsente, uitvoerders en kopers te versterk ten opsigte van meer volhoubare produksie en handel.

Die Standaardekaartplatform bied 'n aanlyn-vergelykingshulpmiddel wat gebruikers in staat stel om analyses, vergelykings en hersienings van volhoubaarheidsraamwerke te maak deur die gebruik van 'n unieke stel sosiale, omgewings- en ekonomiese kriteria, oudit-beste praktyke en goeie regeringsmodelle.

Die Standaardekaartplatform help ook

verskaffers, soos maatskappye wat deelneem aan die Verenigde Nasies se Global Compact-inisiatief, om beter te verstaan hoe om toegang tot nuwe markte te verkry en kopers te lok, asook te leer hoe die ITC hulle kan help om meer kompetend en volhoubaar in globale markte te word. Gebruikers van die Standaardekaart kan hul profiel aanlyn stoor en werk deel met hul sosiale media netwerke soos Facebook, Twitter en LinkedIn.

Gedurende September is WIETA se etiese gedragskode en etiese maatstaf suksesvol opgelaaai op die Standaardekaart en geverifieer. Belanghebbers en alle ander belangstellende partye kan die Standaardekaart gebruik om WIETA se inligting in oorsig te neem en/of dit met ander standaarde te vergelyk.

Vir meer inligting besoek die Standaardekaart-portaal: www.standardsmap.org.



Etiese Handel- en Menseregteforum: **Die transformasie van aanbodkettings vir verantwoordelike besighede teen skaal.**



Deur **Amelia Heyns**, Standaard & Sertifisering
(amelia@wieta.org.za)

Die Etiese Handelsinisiatief (ETI) en die Innovasieforum het 'n gesamentlike etiese handel- en menseregteforum aangebied vanaf 19 tot 20 Oktober 2015 in Londen, Verenigde Koninkryk. Ek was gelukkig om, namens WIETA, saam met meer as 300 afgevaardigdes van regoor die wêreld byeen te kom om uit te vind hoe ons “verby die geleidelike vordering van 'n oudit- en Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid gebaseerde era kan beweeg, na 'n toekoms van transformatiewe en skaalbare verandering vir volhoubare handel.”

Kritieke kwessies is bespreek deur 'n wye verskeidenheid professionele persone wat praktiseer in die veld van etiese handel en die paneellede was van maatskappye, organisasies, vakbonde en NRO's insluitend Coca-Cola, die Instituut vir Menseregte en Besigheid, Levi Strauss & Co, Finlays, Nestle, Anti-Slawerny Internasionaal, die Internasionale Handelsuniefederasie, Marks & Spencer, H&M, Tesco en die Internasionale Konfederasie vir Migrasie.

Sleutelinsigte uit die konferensie het die volgende ingesluit –

Die stand van etiese handel vandag:

Oudits bied 'n mate van verbetering in werkertoestande, maar oudits alleen kan nie verandering verseker nie. Dit is nie dat oudits nie werk nie, dit is dat oudits alleen nie werk nie. Bemagtiging van werkers strek verder as bloot om werkers beter te behandel, dit is die erkenning van al hulle regte. Ervarings het gewys dat werklike verandering plaasgevind in plekke waar werkers betrokke was in die werkplek deur werker-deelnemende strukture, insluitend gesondheid- en veiligheidswerkerstrukture en, belangrik, waar die gemeenskap ook betrokke was.

Beperkings van ouditering en hoe om verby dit te beweeg:

Die waarde van ouditering is dat dit minimum vereistes daarstel en hierdie vereistes afdwing op die verskaffers van wie die maatskappye werf. Dit het verder bewys dat dit veral waardevol is waar oudits vir die eerste keer plaasvind rakend gesondheid en veiligheid en kinderarbeid.

Die rol van vakbonde in etiese handel:

Wêreldwyd in ontwikkelende lande is die realiteit dat daar 'n afname in vakbondlidmaatskap is, 'n wanbegrip van hul betekenis en rol, en 'n gebrek aan kapasiteit. Daar is nietemin internasionaal geleenthede vir vakbonde om te verseker dat alle werkers 'n stem by die werkplek het om dialoog moontlik te maak, asook dat gepaste en regverdig onderhandelings oor werkstoestande by die werk plaasvind. Ons moet die reg op deelname van alle werknemers in die werkplek erken en verseker dat werkers hulself organiseer.

Die ETI se voorsitter Philip Chamberlain het die konferensie afgesluit deur te verklaar: “Die besigheid- en menseregte-agenda is besig om vinnig te beweeg. Hierdie twee dae het 'n aantal uitdagings vir maatskappye uitgelig, maar daarmee saam kom geleenthede. Dit is nou die tyd vir besighede om intern in verbinding te tree en te verseker dat almal bewus is van hulle verantwoordelikhede. Direksies en senior leiers moet hul strategiese planne hersien, beter beleide bou wat die nuwe agenda ondersteun en definiëer wat dit beteken om betekenisvol met verskaffers en werkers in gesprek te tree – om ons te help om die regte resultaat te bereik.” En etiese handel is, soos die ETI se slagspreuk immers lui, “goed vir werkers, goed vir besigheid”.

Akkreditasie-tydlyn

Namate die jaar tot 'n einde kom en die volgende oes op die nabye horison is, nodig produsente toenemend WIETA-sertifisering voor hul wyndruiwe geoes word en word hulle gedwing om deur die akkreditasieproses te jaag. Hier volg dus 'n aanduiding van die tydraamwerke wat vir die volgende prosesse geld:



WIETA SIZA

erkenning: vordering

Die WIETA-erkenning van SIZA-oudits is slegs effektief vanaf 1 Maart 2016 en slegs individuele SIZA-ouditeurs wat die SIZA/WIETA-ouditeuropleiding in Februarie 2016 voltooi en suksesvol geassesseer word, sal erken word. Die name van erkende ouditeurs onder die SIZA-ouditliggame sal aan alle gemengde boerdery-produsente gekommunikeer word teen 1 Maart 2016.

Om 'n WIETA-sertifikasie te verkry, moet alle plase wat 'n SIZA-oudit voor 1 Maart 2016 gedoen het, 'n WIETA-perseelverifikasie onderneem van korrektiewe aksies op nie-nakomings aangedui in die SIZA-verslae, om te

verseker dat daardie korrektiewe aksies wel voltooi is. WIETA mag nie 'n WIETA-sertifikaat uitreik aan 'n perseel wat nie besoek en geïnspekteer is deur 'n WIETA-opgeleide en -gemagtigde ouditeur nie.

Tot en met 28 Februarie 2016, vereis die WIETA-proses steeds dat ons die SIZA CAP en ouditverslae moet evalueer, asook die kategorie van SIZA-ouditstatus, en dan 'n besluit neem gebaseer op huidige SIZA-ouditstatus om te bepaal in watter mate die WIETA-perseelverifikasie sal moet plaasvind. Met ander woorde, 'n hoër risiko produsent sal 'n halfdag-mini-oudit benodig, terwyl 'n laer risiko produsent moontlik slegs 'n vinnige perseelverifikasie (1-2 ure afhangend van die aantal en ernstigheid van nie-nakomings) sal benodig.